# OUDTSHOORN-KHOI GEMEENSKAP

## www.oudtshoorn-khoi.co.za

1. Is jy moeg daarvan dat mense jou gedurig spot en beskuldig dat jy nie ‘n kultuur, taal, leier en identiteit het nie?

2. Wil jy behoort aan ‘n uitgekende groep mense met ‘n unieke identiteit wat jy met trots en waarde kan noem – my mense en my gemeenskap?

3. Wil jy erken word dat jy deel is van die eerste nasie mense van Suid-Afrika wat tans nog lewe en bestaan?

4. Wil jy weet waar en hoe jy ‘n bydrae kan maak om jou mense vorentoe te vat sodat ons almal saam vooruitstrewende lewens kan lewe in Suid-Afrika?

5. Haat jy die ras identiteite soos Bruinmens, Kleurling en Coloured en wil jy as ‘n Khoi geidentifiseer wees?

6. Wil jy deur die regering erken word as ‘n Khoi persoon?

## KOM SLUIT VANDAG AAN BY ONS!

* Indien jy aan ons minimum vereistes voldoen kan jy lid word van ons gemeenskapsgroep.

* Indien jy geld, grond of posisies soek, is jy nie welkom by ons nie. Ons gaan ook nie ‘n bankrekening bedryf nie.

* Laai die lidmaatskap aansoekvorm af vanaf ons webtuiste en gee dit vir Glen Snyman, die leier van hierdie gemeenskap. Afset adres is ook op die webtuiste.

* Kontak hom vir ‘n afspraak by: **072 3424 926**.
  Epos: **glensnyman1@gmail.com**.

# KULTUUR ERFENIS MANIFES

**1.** Ons is die Khoi mense van Suid-Afrika.

**2.** Ons is Afrikane en Suid-Afrikaners.

**3.** Ons is Christene. Ons glo in God, Jesus Christus, die Heilige Gees en die woord van God, die bybel.

**4.** Ons glo nie in die identifisering van mense deur middel van ras en velkleur nie. Ons is nie Kleurlinge, Bruinmense, Swartmense of Witmense nie.

**5.** Ons glo in die kulturele identifisering van mense.

**6.** Ons omhels ons antieke Khoi taal, Khoekhoegowab.

**7.** Ons is wetsgehoorsame burgers.

**8.** Suid-Afrika is ons land.

**9.** Ons omhels ons kulturele aktiwiteite, ons waardes, ons vier ons bydraes en ons geskiedenis.

**10.** Ons lewe in harmonie saam met ander mense wat verskil van ons kulturele geloofs oortuiginge.

**Ons T-hemp en keppie**.
(net vir lede)







1 / 06 / 2024